

## ONSEKERHEID IN VERBAND MET DIE GELOFTE VAN 1838

F J du T Spies

('n Gedeelte van wat hieronder verskyn is 'n herhaling uit 'n artikel van my wat in *HAND-HAAF* van November 1983, per vergissing sonder voetnote, gepubliseer is.)

### SUMMARY

#### Uncertainty in connection with the covenant of 1838

Aspects of the Voortrekkers' covenant before the battle of Blood River in December 1838 about which uncertainty has existed over the years concern the way it originated, the place where the vow has taken and the date, the content and wording, and its legitimacy or otherwise. By analysing the four most important sources regarding the covenant the author systematically attempts to provide clarity about some of these matters. It is pointed out that the version of the covenant given by G B A Gerdener in his book *Sarel Cilliers, die vader van Dingaansdag*, which was published in 1924, was obviously based on elements from the existing texts, with additions by Gerdener himself, and that it is misleading. The way that the covenant was celebrated since 1838 is examined and the question is briefly addressed as to who is bound by the covenant and what the intent of Sarel Cilliers and other participants in the event of 1838 was in this regard.

Dit lê in die aard van die geskiedenis dat ons nooit met volstreekte sekerheid kan sê hoe wat in die verlede gebeur het nie. Al waaroor ons seker kan wees, is dat dit anders gebeur het as wat die beste ontleding van bronne by ons kan tuisbring. Met die een stuk geskiedenis is dit meer die geval as met 'n ander. Dit hang van die bronne af. Hoe meer bronne wat mekaar bevestig, hoe sekerder, hoe minder hoe onsekerder. Laasgenoemde is veral die geval met die Groot Trek en veral wat betref sekere gedeeltes daarvan. Die bronne is skaars en van ongelyke gehalte en hulle weerspreek mekaar. Vandaar die onsekerhede en vandaar die teenstrydige gevolgtrekkings sonder einde.

Ek bepaal my by die gelofte van 1838. Onsekerhede daarvoor is byvoorbeeld die volgende: ontstaan, plek en datum, inhoud en bewoording, geldigheid of ongeldigheid daarvan. Met die honderdjarige herdenking in 1938, was die Groot Trek 'n groot en besielende gebeurtenis in die gemoedere van miskien die meerderheid van Afrikaners. Nou, met die 150ste herdenking daarvan in 1988, lyk dit enigsins anders. Daar het intussen heelwat vrae ontstaan en daar het 'n proses van ontmitologisering plaasgevind, wat die geesdrif en heldeverering in 'n mate getemper het. Dit het, na dit my voorkom, ook met die gelofte en geloftedag gebeur.

Die belangrikste bronne oor die gelofte is, min of meer in chronologiese volgorde, die volgende: 'n brief van Andries Pretorius aan J.N. Boshof van 22 Desember 1838 wat op 16 Februarie 1839 in *De Zuid-Afrikaan* verskyn het,<sup>1</sup> die *Joernaal* van J.G. Bantjes wat op 14

---

Gedeeltelik aangehaal deur B.J. Liebenberg, *Andries Pretorius in Natal* (Pretoria en Kaapstad, 1977), p. 32.

Junie 1839 ook in *De Zuid-Afrikaan* verskyn het,<sup>2</sup> 'n brief van Sarel Cilliers aan ds H. van Broekhuizen van Winburg gedateer 4 Februarie 1866,<sup>3</sup> die *Joernaal* van Sarel Cilliers wat as aanhangsel opgeneem is in H.J. Hofstede, *De Geschiedenis van den Oranje-Vrijstaat* (Den Haag 1876).<sup>4</sup> Vir die res besit ons 'n aantal herinneringe van later datum, wat in die Transvaalse Argiefbewaarplek berus, die belangrikste waarvan Gustav Preller in sy reeks *Voortrekermense* I—IV tussen 1918 en 1925 gepubliseer het.

Eersgenoemde twee bronne is waarskynlik die betroubaarste omdat hulle nie te lank ná die gebeure opgeskryf is nie. Dit is opvallend dat Erasmus Smit niks van die gelofte in sy dagboek meedeel nie;<sup>5</sup> nog meer opvallend dat Andries Pretorius in sy verslag aan die Volksraad, gedateer 31 Desember 1838, ook niks daarvan meedeel nie.<sup>6</sup> Ook Anna Steenkamp, wat haar *Dagboek* in 1843 geskryf het, swyg daaroor.<sup>7</sup>

Net soos dié van Sarel Cilliers, is daar enkele van die sowat 35 Voortrekkerherinneringe wat 'n selfstandige ontstaan gehad het. Die meeste het ontstaan uit persoonlike ondervraging deur G.A. Odé, wat op inisiatief van dr. N. Mansvelt van die begin van 1894 as geskiedskrywer van die Suid-Afrikaanse Republiek aangestel is.<sup>8</sup>

Gebore in Schiedam in 1856 is Odé vir die onderwysberoep opgelei. Na hy in 1890 na Transvaal geëmigreer het, was hy 'n kort tydjie onderwyser en daarna waarnemende sekretaris in die departement van Onderwys van die Republiek. By sy aanstelling as geskiedskrywer het hy as opdrag ontvang om die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek te skryf. Met die oog hierop het hy dit as sy eerste taak gesien — en Mansvelt het hom daarin gesteun — om die herinneringe van die toe nog lewende Voortrekkers op te teken. Dit is as 'n baie belangrike historiese bron beskou.

Met behulp van onderstaats sekretaris Van Boeschoten, landdros Jansen van Lydenburg en Lucas Meyer van Vryheid, het hy 'n lys van Voortrekkers saamgestel en twee navorsingsreise onderneem: vir 51 dae vanaf Maart 1894 deur die distrikte Middelburg, Lydenburg en Standerton waartydens hy 16 Voortrekkers besoek het, en 'n tweede vanaf 21 November 1894 deur die distrikte Heidelberg, Standerton, Wakkerstroom, Utrecht en Vryheid waar hy nog 20 Voortrekkers besoek het. Van die 36 wat hy ondervra het, het hy die herinnerings van 24 opgeteken.

Odé het met dankbaarheid gewag gemaak van die besondere hulp wat hy van landdroste en ander amptenare ondervind het. "En zij, de voortrekkers die ik bezocht, zij toonde mij allen hoe hartgrondig zij ingenomen waren met het besluit van H.Ed. Regeering om die wonderbare leidingen Gods met dit volk aan de vergetelheid te ontrukken."<sup>9</sup>

Enigsins anders is sy opmerking teenoor Theal, wat hom gewaarsku het teen die onbetroubaarheid van mondelinge oorleweringe. "Niets ter wereld heeft mij meer teleurs-

2. Die oorspronklike het verlore gegaan. Gustav Preller het dit in *Voortrekermense* No. VI (Kaapstad 1938) opgeneem. 'n Noukeurige afskrif van die teks uit *De Zuid-Afrikaan* verskyn in J.H. Breytenbach, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Natal No. I* (hierna aangehaal as *Natal I*), p. 273. Ek het van laasgenoemde publikasie gebruik gemaak.
3. Aangehaal deur C.J. Uys, *Historia*, jrg. 3, nr. 2, Junie 1958, p. 100. Sien ook Liebenberg, p. 29.
4. Opgeneem as aanhangsel in G.B.A. Gerdener, *Sarel Cilliers, die vader van Dingaansdag* (2e uitgawe, Pretoria 1924), p. 112.  
VTM (*Voortrekermense*) II, p. 60. 'n Facsimile-uitgawe van die oorspronklike *Uit die dagboek van Erasmus Smit*, geredigeer deur H.F. Schoon (Kaapstad, 1897) deur die Staatsbiblioteek, het in 1967 in Pretoria verskyn.  
*Natal I*, p. 282.  
VTM II, p. 30.  
F.J. du T. Spies, G.A., Odé — sy bydrae tot ons kennis van die Groot Trek, *Historia*, jrg. 4, nrs. 1 en 2, Maart en Junie 1959.
9. *Historia*, jrg. 4, nr. 2, p. 125.

telling gebaard dan dat. Een ieder vertelt mij, dat hij niets dan de waarheid mededeelt en als ik nu al die waarheden vergelyk met de mededeelingen over 't zelfde feit, door een ander gegeven, dan weet ik onder al die verschillende waarheden de weg niet te vinden."<sup>10</sup>

In sy verslag aan Mansvelt was hy egter meer positief: "Er bestaat evenwel alle hoop, dat de waarheid aan den dag kan worden gebracht, want het is mij een gelukkige ervaring dat de heldersten en ontwikkeldsten onder de voortrekkers in de voorstelling des zaken meestentijds overeenstemmen."<sup>11</sup>

Van al die sowat 35 Voortrekkerherinneringe wat ons het, is daar behalwe dié van Sarel Cilliers net nege wat iets oor die gelofte vertel, vyf uit die eerste en vier uit die tweede hand. Dit lyk of die meeste van hulle Sarel Cilliers napraat, soos in sy joernaal in Hofstede se boek gelees kan word. Hoe verspreid of bekend die boek in 1894 in die distrikte hierbo genoem was, is seker nie vas te stel nie.

Opvallend is hoeveel van hierdie Voortrekkers geen melding van die gelofte maak nie. Van 'n aantal wat taamlik uitvoerig oor die slag by Bloedrivier vertel, het die volgende niks oor die gelofte meegedeel nie: D.P. Bezuidenhout, F.P. van Gass, J.H. Hatting, I.J. Breytenbach.<sup>12</sup> Hulle bring geen verband tussen gelofte en veldslag nie. Waarom nie? Miskien kan 'n mens redeneer dat hierdie persone nog betreklik jonk tydens die gebeure was, van 16 tot 25 jaar, met meer belangstelling vir 'n geweer as vir 'n gelofte. Twee Voortrekkers wat wel heelwat besonderhede oor die gelofte sowel as die veldslag verstrek, is P.J. Coetser en W.G. Nel.<sup>13</sup>

Ongelukkig het Odé nie sy opdrag voltooi nie. Hy het wel enkele hoofstukke oor die Kaapse geskiedenis ter inleiding klaar gehad maar nooit by die voortrekkergeskiedenis gekom nie. Hy is op 1 Augustus 1895 ontslaan om redes wat nie hier ter sake is nie.<sup>14</sup> Mansvelt het naartoglik maar sonder sukses na 'n opvolger gesoek. Hy het ewenwel in Februarie 1898 'n rondskrywe aan landdroste en mynkommissarisse gestuur om nog Voortrekkers op te spoor. Dit het 'n lys van 78 voortrekkers opgelewer waarvan die herinneringe van net een, dié van P.M. Fouché, opgeteken is.<sup>15</sup> Miskien ook maar goed, anders was die verwarring nog groter, of miskien sou ons dan tog meer te wete gekom het van die werklike feite.

Oor 'n lang tydperk is die weergawe van Sarel Cilliers, en die Voortrekkers hierbo genoem, insake die gelofte (op Danskraal) blykbaar algemeen aanvaar. Veral na die publikasie van G.B.A. Gerdner se *Sarel Cilliers, die vader van Dingaansdag, lewenskets van die grote Voortrekker* (Kaapstad 1919) het hierdie boek gegeld as die vernaamste handleiding vir Geloftedagvierings. Gerdner se bewoording van die gelofte soos hy dit saamgestel het, is aanvaar.

Blykbaar sonder twyfel is aangeneem dat die gelofte op Danskraal afgelê is. Dit was ook die geval tydens die eeufesvierings in 1938. Danskraal, die plek van die gelofte, is, na dit voorkom, uitgeken as die werklike terrein. 'n Verslag van die verrigtinge lui soos volg: "Onder die sing van *Ruwe stormen mogen woeden* het die optog, wat ongeveer twee myl lank was, vanaf die ovaal (in Ladysmith) na Danskraal, ongeveer drie myl buitekant die dorp, beweeg," vooraan die Ladysmith-kommando van 100 man, dan die twee gedenk-

10. Ibid, p. 126.

11. Ibid.

12. Bezuidenhout: *VTM III*, p. 148; Van Gass: *VTM I*, p. 8; Hatting, *VTM I*, p. 109; Breytenbach *VTM III*, p. 86.

13. Coetser: *VTM IV*, p. 35; Nel: *VTM IV*, p. 1.

14. Sien Spies, *Historia*, jrg. 4, nr. 1, Maart 1959, pp. 46-47.

15. *Historia*, jrg. 5, nr. 2, Junie 1960, p. 117.

waens, *Vrou en Moeder en Piet Retief*, dan die ossewaens met "vroue en dogters" daarop en dan as agterhoede 200 motors. "Op Danskraal het die skare om die klippe wat Voortrekkers in die vorige eeu daar gestapel het, gedrom om 'n voorstelling van die gelofte by te woon, wat dr. L. Steenkamp, die regisseur, tot eer gestrek het." Die rol van Sarel Cilliers is deur ds. G.C. van Rooyen vervul en dié van Pretorius deur ds. Paul Nel. Daar is 65 posduiwe losgelaat "met die gelofte aan hulle pootjies gebind." Dit was op 7 Desember, die datum van Sarel Cilliers.<sup>16</sup>

Deur wie en by welke geleentheid die klippe in die vorige eeu daar gestapel is, het ek nie kon vasstel nie. Ek weet ook van geen geskrif wat beweer dat dit die spesifieke plek is nie.

Na 1938 het 'n reaksie ingetree en is die Danskraal-Sarel Cilliers-gegewe as nog 'n mite afgekraak. Die eerste kraak het verskyn toe dr. E.G. Jansen, ook in 1938, in 'n artikel die vraag stel: *Is die Gelofte op Danskraal afgelê?*<sup>17</sup> Hierin het hy die roete van die Wenkommando nagegaan soos dit in die joernaal van Bantjes beskryf is en bevind dat die gelofte die eerste keer op 9 Desember 1838 ter sprake gekom het toe die kommando aan die Wasbankspruit gelaer was, en dat dit daar afgelê is. Hierna het die meeste geskiedskrywers die Bantjes-weergawe aanvaar, die eerste na ek kon vasstel prof. S.P. Engelbrecht in die gedenkuitgawe van *Die Huisgenoot*, Desember 1938. Hy noem egter alleen die datum, 9 Desember 1838, en nie die plek nie en beweer dat Sarel Cilliers onnoukeurig was.<sup>18</sup> Die jongste is: P.S. de Jongh, *Sarel Cilliers*.<sup>19</sup>

Tog het die Danskraal-voorstanders nie so gou kop gegee nie. Volgens 'n verwysing van prof. C.J. Uys het dr. Louis Steenkamp in *Die Huisgenoot* van 19 Mei 1939 Danskraal verdedig, maar hy is, nog volgens prof. Uys, in die volgende uitgawe van die blad "so getroef dat hy hom voortaan veiliger in die parlamentshuis as in Clio se tempel gevoel het."<sup>20</sup> Dr. Steenkamp het intussen lid van die Volksraad geword.

In 1957 het J.C. Vermaak, gebore in 1872 in die Helpmekaar-distrik, 'n fel aanval op die betroubaarheid van die Bantjes-joernaal gemaak.<sup>21</sup> Hy en sy broer Tarlie was in 1888 medestigters van die eerste kultuurvereniging in Natal en die twee broers is toe deur hierdie vereniging op 'n kommissie benoem "om die Voortrekkergeskiedenis te ondersoek." Met hulp van "oom Lang Kas Labuschagne, een van kommandant Hans (Dons) de Lange se veldkornette wat die Bloedrivierekspedisie enduit meegemaak het", is die hele roete soos die kommando getrek het te perd oorgegaan. Daarbenewens het hulle ook ander Voortrekkers geraadpleeg, onder andere tydens die volksfeeste van 1887 en 1888.

Na meer as 'n jaar het hulle 'n lywige verslag uitgebring wat ongelukkig tydens die Tweede Vryheidsoorlog verlore gegaan het.

Volgens sy artikel is daar weinig van Bantjes se joernaal wat aanvaarbaar is. Hy wys op die, volgens hom, baie gegewens wat Bantjes nie noem nie. Bantjes vertel nie dat die gelofte dag na dag herhaal is nie. Sy datums klop nie. Hy vertel niks van die lanterns by die Bloedrivierlaer nie. Hy maak geen melding van die osse in die laer wat gedreig het om uit te breek nie.

Hierop het prof. C.J. Uys geantwoord met 'n verdediging van Bantjes.<sup>22</sup> Hy betwyfel

16. *Gedenkboek van die Ossewaens op die pad van Suid-Afrika, Eeufees 1838—1938* (Kaapstad, 1940), pp. 613—614.

17. Opgeneem in E.G. Jansen, *Die Voortrekkers in Natal* (Kaapstad, 1938), p. 57.

18. *Die Huisgenoot*, gedenkuitgawe, Desember 1938, p. 127.

19. Doornfontein, 1987.

20. *Historia*, jrg. 3, nr. 2, Junie 1958, p. 99.

21. *Historia*, jrg. 2, nr. 2, September 1957, p. 137.

22. *Historia*, jrg. 3, nr. 2, Junie 1958, p. 97.

veral die bronne van Vermaak, wat hoofsaaklik op mondelinge oorlewering berus. Hy lê klem op die feit dat Cilliers in 1870 al oud en sieklik was toe hy sy joernaal geskryf of gedikteer het. Daarenteen heg prof. Uys wel waarde aan die brief wat Saarel Cilliers op 65-jarige leeftyd "toe sy verstand nog helder was" aan ds. Van Broekhuizen van Winburg geskryf het. Dit hinder hom egter nie dat Cilliers in 1866 in genoemde brief skryf dat die gelofte afgelê is "op een Plaas die Danskraal daarna de naam kreeg", 'n bewering wat in sy joernaal herhaal word. Ook val dit hom nie op nie dat die brief beweer dat dit "naar mijn herinnering op Donderdag den 13 December 1838" plaasgevind het, wat in die joernaal 7 Desember geword het.

Prof. Uys is hier dus nie konsekwent in sy kritiek nie. Hoewel hy die joernaal van Cilliers nie aanvaar nie, heg hy tog waarde aan die mondelinge getuienis van enkele persone soos Lodewyk de Jager en Lodewyk Spies.

Die volgende Cilliers-verdediger was oud-senator A.T. Spies wat saam met sy broer Lodewyk (hierbo genoem) baie belang gestel het in die Groot Trek en ook op hulle dag oud-Voortrekkers uitgevra het.<sup>23</sup> Hy trek ook fel teen Bantjes te velde. "Wat betref die joernaal," skryf hy, "dink ek dat Bantjes nie elke dag aantekeninge gemaak het nie, maar alles geskryf het na die kommando weer in die laers terug was." Senator Spies het na dit my voorkom ook die twee kommando's met mekaar verwar, wat soos in die joernaal van Zietsman beskryf, oor min of meer dieselfde roete gegaan het, maar onder ander omstandighede en met ander laerplekke. Vandaar dat Bantjes volgens hom oor riviere trek wat nie bestaan nie, geen melding maak van die oponthoud om die waens deur die vol Buffelsrivier te kry nie (wat volgens Bantjes hoër op deurgegaan is toe die rivier nie in vloed was nie). Hy betwyfel dit ook dat die gelofte in 'n tent afgelê kon gewees het.

"Ek het baie maal die ou pad aan mense gaan wys," skryf hy, "as ons die pad vergelyk met Bantjes se dagboek, dan krioel dit van foute." Hy opper die moontlikheid dat Bantjes so besig was met sy "legerlyste" dat hy nie die 7de by die gelofte-aflegging teenwoordig was nie.

Hierdie artikel is aan prof. Uys voorgelê en hy het dadelik daarop gereageer.<sup>24</sup> Prof. Uys het die terrein goed geken en voor die tyd saam met die twee Spies-broers die roete gevolg. Hy noem hulle oom Lodewyk en oom At (eintlik oom Andries). Hy het by een geleentheid die Bantjes-joernaal probeer versoen met die Cilliers-joernaal. So het hy die plek aanvaar waar die eerste beraadslaging ná Kliprivier plaasgevind het en waar oom Lodewyk 'n ysterpen in die grond ingeslaan het om die plek te merk, as die plek waar besluit is op 'n gelofte.

In hierdie artikel val Uys die Cilliers-joernaal aan en wys op sy foute. Hy is ongelukkig geneig om ongestaafde bewerings te maak. Hy wys ook op die verwarring tussen die twee kommando's, maar aanvaar tog nie Bantjes se roete deur die Buffelsrivier nie.

Maar laat ons nou maar weer die Bantjes-joernaal as die betroubaarste bron navolg. 'n Joernaal of 'n dagboek kan natuurlik, as 'n feilbare menslike produk, ook sy foute hê, net soos 'n herinnering. Ons glo egter dat dit minder die geval sal wees. Dit is so dat Bantjes oor verskeie aangeleenthede nie geskryf het nie en, mag mens byvoeg, dat hy sommige aangeleenthede miskien verkeerd voorgestel het.

Die joernaal van Bantjes gee 'n mooi dag-na-dag-verslag van hoe die kommando getrek het na dit op 27 November Saailaer verlaat het en aan die hand daarvan kan die trekroete taamlik noukeurig gevolg word, soos dr. E.G. Jansen dit in 1938 gedoen het.

Opvallend vertel Bantjes niks van hoe die gedagte aan 'n gelofte ontstaan het nie.

23. *Historia*, jrg. 8, nr. 1, Maart 1963, p. 5.

24. *Ibid*, p. 10.

Hier is ons aangewys op die joernaal van Cilliers en die herinneringe van J.H. Hatting<sup>25</sup> en S.W. Burger.<sup>26</sup> Laasgenoemde was egter nie 'n ooggetuie nie. Hy was toe maar tien jaar oud en het by die laers agtergebly. Cilliers en Hatting se bewering, dat die idee by Pretorius ontstaan het en dat hy, Cilliers, aanvanklik daarteen was, word algemeen aangeneem.

Volgens Bantjes het die kommando die Tugela op 4 Desember verlaat en teen die namiddag die Kliprivier, waarskynlik in die buurt van die huidige Ladysmith, oorgesteek. Na hulle nog 'n "eindweegs" voortgetrek het, het hulle aan 'n spruit sonder lopende water laer getrek. Hoe ver 'n "eindweegs" is en watter spruit dit was, is vrae wat belangrik is omdat die gelofte volgens sommige op hierdie plek sou plaasgevind het en dat dit die later genoemde Danskraal sou gewees het.

Op hierdie plek het op 5 Desember 'n belangrike byeenkoms plaasgevind. Andries Pretorius, Karel Landman en Sarel Cilliers het in hierdie volgorde op "den stel van het kanon" geklim en die manskappe toegesprek.

Pretorius het aan hulle enkele briewe van aanmoediging voorgelees, daarna instruksies van die volksraad en 'n ordinansie wat hy self opgestel het. Hy en ook die ander twee sprekers het die manne gemaan tot dapperheid en 'n "Christelike optrede". Cilliers het met 'n gebed afgesluit. "... en alles was stil en bedaard", laat Bantjes daarop volg.<sup>27</sup> 'n Mens sou verwag dat Cilliers of Pretorius by hierdie geleentheid die plan van 'n gelofte bekend sou gemaak het. Sommige skrywers opper die moontlikheid dat dit wel gebeur het en dat hierdie bekendmaking in die herinnering bly steek het as die aflê van die gelofte te Danskraal. Maar waarom het Bantjes niks daarvan geskryf nie?

Die volgende dag, 6 Desember, het die kommando voortgereis en by "eene soortgelyke rivier" weer laer getrek.<sup>28</sup> Watter rivier dit was, is nie seker nie. Ver kon dit nie gewees het nie want na aankoms was daar nog genoeg tyd om 'n vergadering byeen te roep voor Pretorius self met 300 man teen die Zoeloekaptein Jobe, in 'n suidoostelike rigting, uitgetrek het. Daardie aand het nog 'n afdeling van 50 man onder kommandant Jacobsz na die "milie tuinen", in 'n noordoostelike rigting uitgetrek. Albei ekspedisies het die volgende dag teruggekeer — onverrigtersake, want Jobe en sy volk het voor die tyd gevlug en by die mieltuine was ook niks te vind nie.<sup>29</sup>

Volgens die joernaal van Sarel Cilliers is die gelofte op hierdie dag op Danskraal afgelê. As dit wel die geval was, dan moes hierdie plek Danskraal gewees het. Bantjes skryf egter niks van 'n gelofte-aflegging op hierdie dag en plek nie.

Die volgende dag, 8 Desember, het die kommando voortgetrek tot aan die "Blyrivier", wat deur Jansen uitgeken is as die Wasbankrivier en daar bestaan weinig twyfel dat dit wel die geval was.<sup>30</sup> Hier het die kommando Sondag, 9 Desember, oorgestaan en hier is, soos van Bantjes afgelei kan word, die gelofte afgelê.

Bantjes skryf dat Pretorius die drie gereëldes voorgangers by godsdiensgeleenthede, Sarel Cilliers, Karel Landman en Pieter Joubert, (hulle het elkeen 'n "gemeente" gehad) byeep geroep en aan elkeen die aflê van 'n gelofte voorgestel het. Al drie was "opgeruimd" in het gemoed om zulks te hooren (en) zy onderhielden hunne gemeenten hierover en verkregen hunne algemeene toestemming". Uit hierdie woorde kan mens aflei dat elkeen sy gemeente afsonderlik geraadpleeg het terwyl die kommando in drie groepe byeen gekom het. Daarop vervolg Bantjes: "Toen hierna de Godsdienst onderscheidenlyk begon,

25. *VTM I*, p. 25.

26. *VTM IV*, p. 26.

27. *Natal I*, pp. 275—276.

28. *Ibid*, p. 276.

29. *Ibid*, p. 277.

30. Jansen, p. 63.

nam de Heer Cilliers dezelve in de tent van den Hoofdkommandant waar".<sup>31</sup> Wat sou Bantjes met die woord *onderscheidenlyk* bedoel het?

Die *Woordenboek der Nederlandsche Taal* (uitgawe 1893) gee die volgende betekenis vir die woord aan: in bijzonderheden; zoo dat men verschillende deelen onderscheid; afzonderlijk; ter onderscheiden; duidelik; ter uitdrukking van het begrip *respective*. Van Dale's Groot *Woordenboek der Nederlandsche Taal* (uitgawe 1904) gee slegs een betekenis: afzonderlijk.

As ons hierdie betekenis van die woord in Bantjes se sin inlees, dan lui dit soos volg: "Toe hierna die godsdien onderskeidelik / in besonderhede / so dat mens verskillende dele kan onderskei / afsonderlik / respektiewelik / begin, toe neem die heer Cilliers dit in die tent van die hoofkommandant waar". Moet ons nou aanneem dat Bantjes bedoel het dat die godsdien onderskeidelik in genoemde drie groepe elkeen afsonderlik met sy voorganger gehou is? As ons hierdie lesing aanvaar, dan het die beskrywing wat Bantjes verder van die diens en die gelofte-aflegging verstrekk, slegs betrekking op die diens wat Sarel Cilliers gelei het.

Hierdie vermoede word versterk as ons lees dat hierdie diens in die tent van die hoofkommandant gehou is. Hoe groot die tent was, weet ons nie. Dit is egter onwaarskynlik dat die hele kommando van sowat 470 man in die tent kon gesit of gestaan het. Liebenberg skryf dat Sarel Cilliers die diens uit die tent gelei het.<sup>32</sup> Maar Bantjes skryf in die tent. Uit die tent veronderstel dat die toehoorders om die tent gesit en gestaan het, sommige waarskynlik in die tent. Dit lyk nie baie prakties nie, veral nie by 'n gewigtige byeenkoms soos 'n gelofte-aflegging nie. Dat dit egter wel kon gebeur het, kan ons aflei van 'n kerkdien tydens die Beeskommando, waarvan Zietsman skryf: "Wy hebben dezen dag weder een tent opgeslagen, en waren in groote scharen daarin en rondom vergaderd".<sup>33</sup>

Kan dit wees dat almal wat oor die gelofte navorsing gedoen het, gewoon oor die woord *onderscheidenlyk* heen gelees het? In sy Engelse vertaling van die Joernaal van Bantjes slaan Bird (*Annals of Natal*) ook geen ag op die woord nie. Of kan 'n mens dit in sy weergawe inlees, wat eintlik vir twee interpretasies vatbaar is? Hy vertaal: "When after this divine service commenced, Mr. Cilliers performed that which took place in the tent of the chief commandant."<sup>34</sup>

Maar as mens Bantjes verder lees, dan begin jy weer twyfel: "Na de middag werd weder eene byeenkomst gehouden ... De heer Cilliers maakte weder een aanspraak, en verriete het openbare gebed: op welke wyze ook de avond werd doorgebracht."<sup>35</sup> Hier is sprake van "eene byeenkomst", asof dit een byeenkoms van die hele kommando was. Of skryf hy nog steeds van dié gelei deur Sarel Cilliers, terwyl elders ook twee ander plaasgevind het?

So 'n drievoudige aflegging van die gelofte druis egter in teen die gangbare opvatting dat die gelofte in teenwoordigheid van almal saam afgelê is. Dan kan hierdie Sondag se plegtigheid slegs 'n herbevestiging van die gelofte in die vorm van gebede wees, soos ook later by herhaling geskied het. As ons aanneem dat hierdie plegtighede of plegtigheid by die Wasbankrivier nie die eerste en oorspronklike was nie, dan moet ons na 'n vroeër datum soek en dan kom ons weer by die Joernaal van Sarel Cilliers uit.

Geskiedskrywers is geneig om Sarel Cilliers se Joernaal as onbetroubaar te bestempel, veral waar dit afwyk van dié van Bantjes. Die oorspronklike teks bestaan nie meer nie. 'n Afskrif daarvan is in 1876 opgeneem in H.J. Hofstede se *Geschiedenis van den Oranje-*

31. *Natal I*, p. 277.

32. Liebenberg, p. 32.

33. *Natal I*, p. 327.

34. J. Bird, *The Annals of Natal, 1495—1845, Part I*. Facsimile reprint 1965 (1885), p. 445.

35. *Natal I*, p. 278.

*Vrijstaat*. Hofstede self meld dat Cilliers die Joernaal "op sijn sterfbed"<sup>36</sup> geskryf het. Of hy dit eiehandig geskryf het of gedikteer het, word nie vermeld nie. Cilliers sluit sy Joernaal soos volg af: "Getekend: S A Cilliers, oud-Ouderling in Gods langmoedigheid, ben ik door zijne genade 69 jaar oud."<sup>37</sup> Gebore in die jaar 1801 was hy 69 op 7 September 1870. Sy woorde kan beteken dat hy die stuk op sy 69ste verjaarsdag voltooi het of op enige tydstip gedurende sy 70ste jaar. Hy is op 4 Oktober 1871 oorlede, 27 dae na sy sewentigste verjaarsdag. Ek glo nie mens moet die woorde "op sijn sterfbed" letterlik opneem nie. Die stuk getuig van soveel geeskrag dat dit moeilik as 'n sterfbedverhaal beskou kan word. Hier en daar in die stuk is wel aan te toon dat Cilliers se geheue hom in die steek begin laat het, maar dit wil nie sê dat die stuk in sy geheel onbetroubaar is nie. (Miskien moet 'n mens self oor die sewentig wees om so 'n bewering te kan maak.)

Die ouderdom bring verlies van geheue mee, maar daarenteen kom dit tog voor dat 'n ingrypende lewenservaring nog tot op 'n hoë leeftyd skerp in die geheue kan voortleef. Moontlik was so 'n ervaring, die gelofte-afliegging vir Sarel Cilliers, die hoogtepunt van sy lewe. Daarby moet in ag geneem word dat hy een van die weiniges was wat 16 Desember gereeld herdenk het. So het hy waarskynlik telkens die gebeurtenisse herbelewe. Dit kan dus wees dat hy die episode onthou het presies soos dit gebeur het.

Die datum wat hy noem, 7 Desember, lewer natuurlik probleme op. Sover ek kon vasstel was hy die eerste persoon wat hierdie datum noem. Al die ander herinneringe, wat ook 7 Desember as die dag aandui, het later op skrif gekom. Maar dan het Sarel Cilliers in 1866 in die meergenoemde brief aan ds. Van Broekhuizen die dag "naar myn beste herinnering op Donderdag den 13 December 1838" onthou.<sup>38</sup> Volgens Bantjes het die twee ekspedisies, wat die vorige dag uitgetrek, op 7 Desember uitgeput in die laer teruggekeer, die hoofkommando eers die middag. Op Pretorius se bevel moes daar toe gereed gemaak word om die volgende dag verder te trek.<sup>39</sup> Daar was dus nie veel tyd vir 'n plegtige gelofte-afliegging gewees nie. Tog kan geredeneer word dat Pretorius ná die twee ekspedisies vasgestel het dat daar geen ander mag tussen hom en die hoofmag van Dingane was nie en dat hy om dié rede die gelofte as dringend beskou het. Daarby lyk dit asof die kommando op hierdie middag vir die eerste keer voltallig was.

Maar dan is die probleem insake Danskraal nog daar. Kan hierdie laerplek aan die tweede "soortgelyke rivier" na Kliprivier as Danskraal beskou word? Dit word algemeen aangeneem dat die naam Danskraal in 1840 ontstaan het toe 'n afdeling Zoeloes van die bevriende kaptein Matowan vir die Beeskommando gedans het daar waar dit toe in 'n "doornleegte" gelaer was. Later is daar 'n plaas uitgemeet met die naam Danskraal.<sup>39</sup> Die opstal daarvan was baie naby die huidige Ladysmith en vlakby 'n spoorwegstasie met dié naam. Dit het daartoe gelei dat baie mense aanvaar het dat dit die plek van die gelofte-afliegging was, wat waarskynlik nie die geval was nie. Dit kon op enige ander plek binne die grense van die plaas, of selfs daar buite, plaasgevind het.

Sarel Cilliers maak geen gewag van 'n tent wat die uitsig van gehoor of spreker kon versper het nie. Hy skryf: "Ik ging op een kanonwagen staan, en de 407 man (moontlik 'n skryffout vir 470) was om my geschaard." Na hy die gelofte namens almal gedoen het, versoek hy sy gehoor om hulle saam met hom in die gebed te verenig, "en ik bereijde myne handen na den hemel uit in naam van ons allen."<sup>40</sup>

Van die herinneringe wat later opgeteken is, kom dié van Breytenbach en dié van

36. Gerdener, p. 112.

37. Hofstede, p. 132.

38. *Historia*, jrg. 3, nr. 2, p. 100.

39. Vergelyk Jansen, p. 57.

40. Gerdener, p. 121.

Nel die naaste aan die beskrywing van Sarel Cilliers. Breytenbach vertel dat die plegtigheid by die Zondagsrivier plaasgevind het: "... nadat A.W. Pretorius, S. Cilliers en K. Landman op een wagen waren geklommen, heeft S. Cilliers ons bekend gemaakt, waarvoor wij bij elkaar waren geroepen ..." <sup>41</sup> Volgens hom Het dit op "die Zondag" plaasgevind. Volgens Nel het dit op Danskraal plaasgevind: "Die gelofte werd plechtig gedaan door de heer Sarel Cilliers staande op 'n wagen en met ten hemel opgestoken armen." <sup>42</sup> Die moontlikheid dat laasgenoemde twee persone Cilliers se Joernaal nagepraat het, is nie uitgesluit nie, ook nie dat al drie by vergissing van die byeenkoms van 5 Desember praat nie.

Na al bostaande moontlikhede oorweeg is, kan die versigtige geskiedskrywer slegs tot een slotsom kom, nl. dat daar geen sekerheid is oor waar en wanneer die gelofte afgelê is nie.

Wat die inhoud van die gelofte betref, is ons aangewys op verskillende lesings wat van mekaar verskil of mekaar miskien aanvul, hoe jy dit ook al wil opneem. As 'n mens Sarel Cilliers se voorstelling van hoe die gelofte vorm aangeneem het, aanvaar, dan het Pretorius dit vir die eerste keer soos volg aan hom gestel: "... dat wij dan die dag als een Sabbath elk jaar zoude heiligen," en later weer: "... dat wij die dag elk jaar de Heer zoude 'heiligen' en zoo doorbrengen als een Sabbathdag". <sup>43</sup> In sy brief aan ds. Van Broekhuizen stel Cilliers dit soos volg: "... dat die dag wij de Here beloof in zijn eeredienst te heiligen als een bid en gedenk en dank dag, elk jaar, en dat wij het aan onze kinderen zal vertellen en als wij de land zal winnen en het onze woning zal worden, dat wij ook de Heer een Kerk zal bouwen in ons midden". <sup>44</sup>

Maar Sarel Cilliers skryf dit alles uit sy geheue op soos hy dit op sy oudag onthou het. Baie waarskynlik was die bewoording nie presies so nie, hoewel mens kan aanneem dat dit tog die bedoeling van destyds vertolk. Weer eens moet ons aanneem dat Bantjes en Pretorius se weergawes die naaste aan die werklikheid sou wees, hoewel Bantjes van die gebeure op Wasbank vertel en die moontlikheid bestaan dat dit daar nie vir die eerste keer afgelê is nie.

Bantjes se weergawe lui: "... om zoo de Here ons de overwinning geven mogt, een Huis tot zynes Grooten Naams gedachtenis te stichten, alwaar het Hem zal behagen." Bantjes skryf hierdie gedeelte in aanhalingstekens asof hy dit van 'n geskrewe stuk afskryf. Hy vervolg dan sonder aanhalingstekens: " — en dat zy ook moesten afsmeaken de hulp en bystand van God, om deze gelofte zeker te kunnen volbrengen en dat wy den dag der overwinning, in een boek zullen aanteekenen om dezelve bekend te maken, zelfs aan onze laatste nageslachten, op dat het ter Eere van God gevierd mag worden". <sup>45</sup> Bantjes is die enigste wat van 'n 'boek' skryf. Waarskynlik is dit figuurlik bedoel. Na my wete het daar nooit so 'n boek bestaan nie.

Andries Pretorius skryf in die meergenoemde brief dat hulle besluit het "... om den dag onzer overwinning ... *onder ons gansche geslacht te doen bekend worden*, en dat wy het aan den Heer willen toewyden, en vieren met Dankzeggingen, zoo als wy, voor dat wy tegen den vyand strede*n, in het openbaar gebed beloofd hebben*, zoo ook, dat zoo wy de overwinning verkrygen mogen, wy den Heer tot zyne naams gedachtenis, een huis stichten zullen, alwaar Hy ons zulks aanwyzen zal; welke gelofte wij nu ook hopen te betalen, met

41. VTM III, p. 99.

42. VTM IV, p. 12.

43. Gerdener, p. 120.

44. Aangehaal deur Liebenberg, p. 27.

45. Natal I, p. 277.

de hulp des Heeren, nu Hy ons gezegend, en onze gebeden verhoord heeft".<sup>46</sup> Die kursivering is van Pretorius; waarom is nie uit te maak nie.

Beide Pretorius en Bantjes stel dit voor asof die gelofte in die vorm van 'n gebed gedoen is. Volgens Sarel Cilliers het hy die gelofte eers direk aan die kommando voorgelê: "... Ik deed het op een eenvoudige wijze zoo plechtig als de Heer mij ertoe instaat heeft gesteld, dat ik mij herinneren kan onder deze bewoording: (en dan begin hy met aanhalingstekens wat nêrens afgesluit word nie) 'Mijne Broeders en medelandgenoten, hier staan wij thans, op eene Ogenblik voor een Heilige God van Hemel en aarde, om een belofte aan Hem te beloven als Hij met zijne bescherming met ons zal wezen en onze vyand in onzen handen, zal geven dat wij hem overwinnen, dat wij die dag en datum, elk jaar als een verjaarsdag en een dankdag, zoo als een Sabbath en Zijne eere, dienen zal, doorbrengen en dat wij het ook aan onze kinderen zal zeggen, dat zij met ons erin moeten deelen, tot gedachtenis, ook voor ons opkomenden geslachten, en als er iemand is die er onder bezwaard bevind, dat die dan van deze plaats weg moeten gaan ..." Daarop vervolg hy: "Ik zeide verder dat wij in de gebed zamen moeten deelen, die tot den troon van Zijne genade zal worden opgezonden, en zoovoort en ik bereijde mijne handen na den hemel uit in naam van ons allen".<sup>47</sup> Hieruit kan mens aflei dat hy in gebed oorgegaan het na hy die gelofte aan sy gehoor bekend gestel het.

Die bou van 'n kerk word hier nie deur Sarel Cilliers genoem nie hoewel hy dit in die hierbo aangehaalde brief tog meld. Hy is ook die enigste wat die term "sabbath" gebruik. S.W. Burger noem dit "als 'n Zondag",<sup>48</sup> I.J. Breytenbach "'n dank-, bede- en herinneringsdag",<sup>49</sup> W.G. Nel "'n dag van gedachtenis en diepe dankbaarheid",<sup>50</sup> P.J. Coetser "'n dankdag",<sup>51</sup> J.H. Hatting "'n dag nooit te vergeten",<sup>52</sup> Aletta Oosthuizen "'n vaste feestdag".<sup>53</sup>

Wat moet ons nou aanvaar as die werklike inhoud en bewoording van die gelofte? Tydens die geloftefeeste is daar vanselfsprekend behoefte aan 'n model wat voorgelees kan word en waarvoor die feesgangers hulle kan verootmoedig. Aan hierdie behoefte het G.B.A. Gerdener voldoen toe hy 'n samevatting gegee het van feitlik al die elemente wat in die verskillende dokumente genoem word. Hy het die weergawe van Sarel Cilliers as basis geneem, bygevoeg wat hy waarskynlik uit ander lesings gekry het en weggelaat wat hy as oorbodig beskou het. Daarby het hy ook nog aandag aan stilering gegee. Dit lui toe soos volg:

Hier staan wij voor een heilige God van hemel en aarde, om een gelofte aan Hem te beloven, als Hij met Zijne bescherming met ons zal wezen, en onze vijand in onze hand zal geven, dat wij die dag en datum elk jaar als een dankdag, zooals een Sabbath, zal doorbrengen, en dat wij een tempel tot zijn eer zal stichten, waar het Hem behagen; en dat wij onze kinderen zal zeggen, dat zij met ons erin moeten delen, tot gedachtenis ook voor opkomende geslachten. Want de Eer van Zijn Naam zal daardoor verheerlikt worden dat de roem en de eer van onze overwinning aan Hem zal worden gegeven.<sup>54</sup>

Opvallend is dit dat Gerdener die woord *tempel* gebruik, terwyl dit in geeneen van

- 46. *Natal I*, p. 273.
- 47. Gerdener, pp. 121, 122.
- 48. *VTM IV*, p. 97.
- 49. *VTM III*, p. 101.
- 50. *VTM IV*, p. 12.
- 51. *VTM IV*, p. 47.
- 52. *VTM III*, p. 187.
- 53. *VTM III*, p. 123.
- 54. Gerdener p. 67.

die ander tekste voorkom nie. Daar word gepraat van 'n huis, en enkele keer van 'n kerk. F.A. van Jaarsveld wys daarop dat *elk jaar* nie in die tekste van Pretorius en Bantjes voorkom nie.<sup>55</sup> Tog lyk dit uit die bewoording van albei asof 'n jaarlikse viering bedoel word. Daarbenewens praat I.J. Breytenbach van *steeds*,<sup>56</sup> P.J. Coetser van *jaarliks*<sup>57</sup> en S.W. Burger van *jaar na jaar*.<sup>58</sup>

Die vraag kan gestel word of Gerdener wel die reg gehad het om 'n eie bewoording van die gelofte saam te stel, wat, hoe ná miskien aan die werklike bewoording, tóg fiktief is. Hoewel hy dit miskien tog nie so bedoel het nie, word hierdie weergawe dikwels by geloftefeeste voorgelees en is dit by baie feesgangers die onbetwyfelde werklikheid. Dit is misleidend.

Die feit dat die gelofte die eerste 26 jaar na Bloedrivier nie in die openbaar herdenk is nie, laat 'n mens jou afvra of die Voortrekkers dit ooit ernstig bedoel het. Die eerste openbare herdenking vind in 1864 plaas en wel op die terrein van die veldslag. Dit het geskied na aanleiding van 'n voorstel in die ring van die Nataan N.G. Kerk. Verskeie persone wat aan die slag deelgeneem het, het by hierdie geleentheid hulle herinneringe opgehaal. Op hulle aanwysings het die feesgangers 'n stapel klippe in die middelpunt van die laer van destyds aangebring.<sup>59</sup>

In 1868 het die Transvaalse volksraad die dag tot 'n openbare vakansiedag verklaar. Tog was daar nog weinig belangstelling vir die viering van, wat op daardie stadium en tot 1948, Dingaansdag genoem is. Hierin kom verandering met die ontwaking van die Afrikaanse nasionale gevoel wat verband hou met die gebeurtenisse rondom die anneksasie van Transvaal in 1877. Dit was die geval tydens die volksvergadering by Wonderfontein, 10–17 Desember 1879, en in 'n groter mate by dié van Paardekraal 13–16 Desember 1880. By die laaste byeenkoms is besluit om die wapens teen Engeland op te neem en volg die Eerste Transvaalse Vryheidsoorlog hierop. Daar bestaan 'n bewering dat tydens hierdie byeenkoms die gelofte van 1838 herbevestig is, maar die gegewens hieroor is redelik vaag. Ook tydens die feeste wat hierna by Paardekraal gevier is, was dit meer die oorwinning van die Eerste Vryheidsoorlog as die slag van Bloedrivier wat gedenk is.

Intussen is ook elders kleiner feeste gehou, soos op Ermelo in 1887 en op Heidelberg in 1892. 'n Besondere een was die vyftigjarige herdenking in 1888, weer op Bloedrivier, wat deur Paul Kruger en Piet Joubert bygewoon is.<sup>60</sup>

In die Oranje-Vrystaat is die eerste Dingaansdag in 1893 in die distrik Vrede herdenk en in 1894 is dit in hierdie republiek 'n openbare vakansiedag verklaar. Gedurende die Tweede Vryheidsoorlog is die dag onder die Boerekommando's in ere gehou en was dit ook 'n dag van hoop en vertroosting onder die krygsgevangenes oorsee. Na die oorlog was dit betekenisvol dat dié dag in 1904 uitgekies is vir die begrafnis van Paul Kruger.

In 1910 is die dag as openbare vakansiedag vir die hele Suid-Afrika verklaar en in die jare wat hierop volg is Dingaansdag steeds algemener gevier. So het dit dan gebeur dat hierdie dag uit amper vergetelheid herrys en uitgegroe het tot 'n dag van nasionale betekenis. Wat seker die meeste hiertoe bygedra het, was die eeufeesviering van 1938 en die bou van die Voortrekkermonument. Tog bly dit 'n feit dat die dag deur die meeste mense in Suid-Afrika, selfs onder die Afrikaners, slegs as 'n vakansiedag aanvaar word.

55. F.A. van Jaarsveld, *Die evolusie van Apartheid* (Kaapstad 1979), p. 48.

56. *VTM III*, p. 101.

57. *VTM IV*, p. 48.

58. *VTM IV*, p. 97.

59. P.H. Kapp, *Ons Volksfeeste* (P.H. Grobbelaar, *Die Afrikaner en sy Kultuur*, deel III), p. 49.

60. Kapp, pp. 50–60.

Dan is daar onsekerheid in verband met die vraag: op wie het die gelofte betrekking? Wie is geloftepligtig? Volgens S.W. Burger het twee persone een kant gaan staan toe Sarel Cilliers vooraf gevra het wie nie vir die gelofte kans sien nie.<sup>61</sup> As dit wel gebeur het (Burger was nie persoonlik teenwoordig nie) en as hulle nie weer deur Sarel Cilliers omgepraat is nie (soos P.S. de Jongh veronderstel)<sup>62</sup> dan was die opvatting blykbaar dat hierdie twee persone, en hulle nageslag, uitgesluit was uit die gelofte. Dit is natuurlik ondenkbaar dat die geloftepligtigheid beperk sou bly tot die nakomelinge van die 470 man. Aan die ander kant is dit twyfelagtig dat dit die bedoeling van Cilliers en sy geloftegenote was dat die hele Afrikaanse volk daarby betrokke moet wees. Tog het dit gebeur.

Dit is ook begryplik dat sommige persone in hulle ontleding van die feite tot die slot som kom dat die hele volk nie daarby betrokke is nie. Dit is alles 'n kwessie van opvatting. Per slot van rekening is die gelofte van toepassing op diegene wat dit as sodanig opneem.

61. *VTM IV*, p. 57.

62. De Jongh, p. 161.